# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1 INLEIDING

Ten einde die opvoeding van die seksueel-gemolesteerde dogter binne skoolverband in konteks te plaas, was dit nodig om die onderwerp vanuit die literatuur te bestudeer. Tweedens was dit nodig om die onderwerp empiries, aan die hand van 'n vraelys te ondersoek.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek gegee is, sal gevolgtrekkings waartoe gekom is, aangebied word. In die lig van beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek, sal daar enkele aanbevelings gemaak word.

## 7.2 SAMEVATTING

### 7.2.1 Probleemstelling (vergelyk 1.2)

Ter oriëntering is daarop gewys dat verantwoordbare opvoeding alle fasette van die kind omsluit, daarom kan geslagsopvoeding nooit losgemaak word van opvoeding as sodanig nie. Invloede vanuit die snelveranderende samelewing kan die kind se geslagsopvoeding positief of negatief beïnvloed. Seksuele molestering is 'n ernstige misdaad wat enige kind se kanse tot normale ontwikkeling belemmer en daarom is dit belangrik dat kinders nie onkundig sal wees oor geslagtelike aangeleenthede nie.
Die voorkoms van seksuele molestering is onrusbarend. Dit raak die hele samelewing en die slagoffer van seksuele molestering kan nie uit die samelewing weggedink word nie.

Die volgende probleemvrae het na vore gekom:

* Wat is die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering by die jeugdige dogter?

* Watter invloed het die moderne samelewing op die dogter se geslagsrypwording?

* Wat is die taak van die ouer en skool met betrekking tot die dogter se geslagsopvoeding en die skep van 'n herstelde selfbeeld by die seksueel-gemolesteerde dogter?

Hierdie probleemvrae is aan die hand 'n uitgebreide literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek ondersoek (vergelyk 1.4).

### 7.2.2 Doel van die ondersoek

Na aanleiding van die probleemvrae is die doel van die ondersoek soos volg geformuleer:

* om die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering van die jeugdige dogter toe te lig;

* om die invloed van die moderne samelewing op die dogter se geslagsrypwording te bepaal;

* om te bepaal wat die ouers en skool se taak is met betrekking tot die dogter se geslagsopvoeding en die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter.

### 7.2.3 Die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering (vergelyk hoofstuk 2).

Alhoewel seksuele molestering 'n verskuilde misdaad is, toon die voorkoms daarvan 'n wêreldwye toenemende tendens, veral sedert die tagtigerjare. Daar is baie faktore wat aanleiding gee tot seksuele molestering en dit kan dus nie aan een enkele faktor toegeskryf word nie. Die gevolge van seksuele molestering is legio. Dit kan wissel van leer- en gedragsprobleme wat onmiddellik kan manifesteer tot ernstige langtermyngevolge wat tot selfvernietigende gedrag kan lei. Hoe ernstiger die aard van seksuele molestering, hoe meer traumaties blyk die gevolge daarvan te wees. Die betrokkenheid van alle samelewingsverbande, asook die hulp van professionele mense is baie belangrik in hierdie verband.

### 7.2.4 Die invloed van die moderne samelewing (vergelyk hoofstuk 3)

In die dinamiese samelewing van die twintigste eeu word daar baie klem op die seksuele aspek van menswees geplaas. Die moderne jeug bevind hulle midde-in 'n seksualiteitskrisis. Toenemende permissiwiteit en onsedelikheid bring probleme mee vir die geslagsontwikkeling van die adolessent. Daar is op die adolessente dogter gefokus omdat die geslagtelike komponent 'n belangrike rol speel tydens hierdie fase. Gedurende hierdie tydperk realiseer die geslagsrypwording van die dogter.

Sou daar iets verkeerd loop met die normale geslagtelike ontwikkeling van die dogter, lei dit tot aanpassingsprobleme in die samelewing. Buiten die hoë eise wat die moderne samelewing op die jong dogter plaas, ervaar sy dikwels ook baie druk van die portuurgroep. Die gesin vervul 'n belangrike ondersteunende funksie in die adolessent se lewe. Ope kommunikasie en doeltreffende geslagsopvoeding deur die ouers is belangrik om die dogter weerbaar te maak teen die eise van die samelewing.

Alle samelewingsverbande (ouerhuis, skool en Kerk), het dus 'n verantwoordelikheid om die jeugdige te lei in haar geslagsrypwording.

### 7.2.5 Die taak van die ouer en skool met betrekking tot geslagsopvoeding (vergelyk hoofstuk 4)

Moderne tegnologie het ook vernuwing gebring ten opsigte van geslagtelike opvoeding. Die ouerhuis bied die grondslag vir die kind se totale opvoeding en geslagsopvoeding vorm 'n integrale deel van hierdie opvoedingsproses. Uit die literatuurstudie blyk dit dat ouers hulle plig ten opsigte van geslagsopvoeding verwaarloos. Die implikasie hiervan is dat dit bepaalde eise aan die skool stel. Alhoewel die skool nooit die ouerhuis kan vervang nie, kan dit 'n aanvullende funksie vervul, ook wat geslagsopvoeding betref. Die invloed van die ouerhuis bly deurslaggewend. Die skool kan egter deur pro-aktiewe optrede 'n belangrike voorkomende funksie met betrekking tot eietydse probleme soos tienerswangerskappe, seksueel-oordraagbare siektes en seksuele molestering verrig. Dit is egter belangrik dat daar wedersydse vertroue en samewerking tussen die ouerhuis en skool sal wees, tot voordeel van die kind.

### 7.2.6 Doel van die empiriese ondersoek (vergelyk 5.2).

Die doel van die empiriese ondersoek was om te bepaal wat tans in Transvaalse blanke sekondêre skole gedoen word met betrekking tot die opvoeding van die seksueel-gemolesteerde dogter; om vas te stel of geslagsopvoeding die taak van die skool is en indien wel, of daar genoeg in die verband gedoen word.

### 7.2.7 Keuse van die ondersoekmiddel

Daar is na deeglike oorweging op die vraelysmetode besluit om verlangde inligting te bekom. Alle blanke sekondêre Afrikaansmedium skole (uitsluitende seunskole) verbonde aan die Transvaalse Onderwysdepartement is by die navorsing betrek. Slegs een vraelys is per skool uitgestuur. Die gesinsvoorligtingsonderwyser was verantwoordelik vir die voltooiing van die vraelys. Die voor- en nadele van die vraelys as ondersoekmetode is bespreek, en die vraelys vir hierdie ondersoek is aan die hand van bepaalde kriteria opgestel (vergelyk 5.3).

### 7.2.8 Samestelling van die vraelys

Die eerste redaksie van die vraelys, asook die groepering van vrae, die lengte, anonimiteit en die voorkoms van die vraelys is in 5.5.3 en 5.5.4 uiteengesit.

### 7.2.9 Aanbieding, ontleding en vertolking van die vraelysresponse (vergelyk hoofstuk 6).

Die totale terugontvangste wat op 80% (120 uit 150) te staan gekom het, is gerekenariseer en aan die hand van 'n rekenaaruitdruk is die data getabuleer. Die data is met betrekking tot bepaalde hoofsake chronologies aangebied, ontleed en vertolk.

## 7.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande literatuurstudie en die empiriese ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

### 7.3.1 Moderne samelewingstendense

Daar is bevind dat die moderne samelewing 'n tendens van seksuele losbandigheid toon en dat die adolessente dogter haar midde-in 'n moraliteitskrisis bevind. Die invloed van die massamedia en 'n gebrek aan normatiewe etiese waardes speel die belangrikste rol in die verband. Tienerswangerskappe kan hoofsaaklik aan die eise van die samelewing, portuurgroepsdruk en gebrekkige geslagsopvoeding toegeskryf word (vergelyk 3.7 en 6.2).

### 7.3.2 Geslagsopvoeding en die ouerhuis

Uit die navorsingsresultate blyk dit dat geslagsopvoeding reeds van jongs af moet begin. Dit is dus nie 'n eenmalige "kitskursus" nie en daar moet voortdurend leiding en voorligting aan die kind gebied word betreffende geslagsaangeleenthede. Daar is bevind dat ouers hulle plig ten opsigte van geslagsopvoeding versuim, hoofsaaklik omdat hulle 'n gevoel van skaamte ervaar weens die sensitiwiteit van die onderwerp. Wat dus in die Suid-Afrikaanse gesinslewe nodig is, is 'n kultuur van geslagsopvoeding. Dit moet as 'n vanselfsprekende taak deur ouers gesien word. Slegs dan sal ouers minder inhibisies toon en doeltreffende geslagsopvoeding aan hulle kinders bied (vergelyk 4.4 en 6.3).

### 7.3.3 Geslagsopvoeding en die skool

Vanweë veranderende omstandighede en die eise van die samelewing het geslagsopvoeding op skool dringend noodsaaklik geword. Dit wil ook voorkom asof skole die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie nuwe taak insien (vergelyk 4.6 en 6.4).

### 7.3.4 Die aanbieding van geslagsopvoeding op skool

Uit die navorsingsresultate blyk dit dat gesinsvoorligtingsprogramme wat deur skole aangebied word 'n belangrike funksie vervul ten opsigte van geslagsopvoeding. Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) is tans verantwoordelik vir die aanbieding van geslagsopvoeding. Vanweë haar druk program word hierdie belangrike taak egter verwaarloos. Dit is waarskynlik om hierdie rede dat gesinsvoorligtingsonderwysers van mening is dat opgeleide onderwysers meer geskik is vir die aanbieding van geslagsopvoeding. Dit is verblydend dat die ouerbegeleidingsprogram wat aan ouers gebied word die ouer ondersteun ten opsigte van hulle geslagsopvoedingstaak. Dit is egter jammer dat kinders met spesifieke probleme (waaronder die seksueel-gemolesteerde slagoffer) se ouers dikwels onbetrokke is by onderwysaangeleenthede (vergelyk 4.6 en 6.5).

### 7.3.5 Opleiding in geslagsopvoeding

Ten einde die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) se taak te verlig, word geselekteerde onderwysers opgelei ten einde geslagsopvoeding aan te bied. Hierdie stap is 'n bewys van die nuwe rigting wat deur skole ingeslaan word met betrekking tot geslagsopvoeding. Onderwysers wat sodanige opleiding ontvang het, is positief ingestel en voel dat hulle bekwaam genoeg is om geslagsopvoeding (met die toestemming van die ouer) aan leerlinge te bied (vergelyk 4.6 en 6.6).

### 7.3.6 Seksuele molestering

Die feit dat seksuele molestering 'n toenemende tendens vertoon, is grootliks ook toe te skryf aan die feit dat

dit nie meer so 'n verskuilde en geheimgehoude verskynsel is nie. Gebrekkige geslagsopvoeding is 'n oorsaaklike faktor ten opsigte van seksuele molestering en dit toon weer eens die belangrikheid van doeltreffende geslagsopvoeding.
Die identifikasie van die seksueel-gemolesteerde kind is moeilik, aangesien gedragsafwykings en verandering in fisiese voorkoms nie altyd bespeur kan word by slagoffers nie.
Verskeie navorsers het getoon dat die oortreder selde 'n vreemde persoon is. Seksuele molestering word baie moeilik deur die slagoffer onthul, veral weens die feit dat hulle 'n gevoel van skaamte en skuld ervaar. Die onthulling van seksuele molestering hang moontlik saam met elke dogter se individuele omstandighede (vergelyk 2.4 en 6.7).

### 7.3.7 Die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter

Die navorsingsresultate toon dat nie alle onderwysers geskik is vir die hantering van seksueel-gemolesteerde dogters nie. Dit is 'n delikate probleem wat met die grootste kundigheid hanteer moet word. Professionele hantering is belangrik ten einde ernstige gevolge soos selfvernietigende gedrag te probeer voorkom.
Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) en die Hoof van die Onderwyshulpsentrum word as die mees aangewese persone beskou om die seksueel-gemolesteerde dogter te hanteer. Aan die ander kant toon die resultate dat die slagoffer van seksuele molestering meer vertroue teenoor 'n bekende persoon soos byvoorbeeld die klasonderwyser sal openbaar. Bogenoemde persone is egter nie só bekend aan die slagoffer nie, weens die feit dat hulle nie voortdurend in kontak met mekaar verkeer nie.

Daar is verder tot die belangrike gevolgtrekking gekom dat gesinsvoorligtingsonderwysers nie ten gunste daarvan is dat die seksueel-gemolesteerde dogter deur 'n manlike persoon hanteer word nie. Hulle verkies dat 'n vroulike persoon haar hanteer. Hierdie feit hou bepaalde implikasies vir die huidige stelsel in, aangesien die Hoof van die Onderwyshulpsentrums gewoonlik 'n manlike persoon is (vergelyk 4.4, 4.5 en 6.8).

### 7.3.8 Die voorkoming van seksuele molestering

Gesinsvoorligtingsprogramme deur skole lewer 'n positiewe bydrae ten opsigte van geslagsaangeleenthede. Die dogter word voorgelig in verband met haar reg tot privaatheid en selfbeveiligingsmaatreëls word ook aan dogters voorgehou. Skole beskik nie oor genoegsame apparatuur met betrekking tot die voorkoming, identifisering en hantering van die seksueel-gemolesteerde kind nie en dit bemoeilik die onderwyser se taak. Ander organisasies kan ook meer betrek word deur skole ten einde die euwel van seksuele molestering te probeer bekamp (vergelyk 4.6 en 6.9).

## 7.4 AANBEVELINGS

In die lig van wat in hierdie navorsing bevind is, word die volgende aanbevelings gemaak:

* Die samelewing behoort meer waarde te heg aan die kwaliteit van die gesinslewe. Die gesin is die kern van die samelewing en dit is hier waar normatiewe etiese waardes vasgelê word. Eietydse probleme soos seksuele molestering kan dus grootliks voorkom word deur die skep van 'n gesonde gesinslewe wat deur ope kommunikasie tussen ouers en kinders gekenmerk word (vergelyk 4.4.2).

* Geslagsopvoeding behoort van jongs af reeds te begin. Daar word aanbeveel dat meer navorsing gedoen word oor die moontlikheid van verpligte geslagsopvoeding op primêre skoolvlak. Na aanleiding van hierdie ondersoek word ook aanbeveel dat verpligte ouerbegeleidingsaande vir alle st 6-leerlinge se ouers ingestel word (vergelyk 6.5.8.1). Samewerking tussen die skool en ouerhuis ten opsigte van geslagsopvoeding is dus belangrik.

* As gevolg van 'n gebrek aan tyd kan die aanbieding van geslagsopvoeding in die praktyk nie na behore funksioneer nie. Daar word aanbeveel dat geslagsopvoeding so gou moontlik deur geselekteerde onderwysers aangebied sal word. Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) sal steeds oorhoofs verantwoordelik bly vir geslagsopvoeding in elke streek (vergelyk 6.5.6).

* Apparatuur met betrekking tot die voorkoming, identifisering en hantering van die seksueel-gemolesteerde kind moet aangevul word. Dis belangrik dat skole oor alle moontlike inligting moet beskik. Hierdie inligting kan ook tot beskikking van die ouers gestel word (vergelyk 6.12.1).

* Die seksueel-gemolesteerde dogter behoort liefs deur 'n vroulike persoon hanteer te word. Daar sal dan meer sprake van 'n vertrouensverhouding wees. Die dogter sal meer openhartigheid teenoor 'n vroulike persoon toon. 'n Dame kan haarself beter identifiseer met die gevoelens van die slagoffer en kan meer empatie ervaar. Die seksueel-gemolesteerde dogter se vertroue in 'n man is reeds geskok en daarom is dit nie wenslik dat 'n manlike persoon die slagoffer hanteer nie (vergelyk 6.8.8).

* Daar word aanbeveel dat die onderwyser wat geselekteer word om geslagsopvoeding aan te bied ook volledig opgelei sal word in die hantering van die seksueel-gemolesteerde kind. Hierdie persoon funksioneer dan op professionele wyse binne die geledere van die skool en kan die slagoffer onmiddellik hanteer. Sodoende word onnodige vertragings as gevolg van 'n tydsgebrek aan die kant van ander instansies buite die skool verhoed (vergelyk 6.8.2).

* Multidissiplinêre samewerking tussen professionele instansies is noodsaaklik in die bekamping van seksuele molestering. Daar word aanbeveel dat organisasies soos Noodlyn en die Suid-Afrikaanse Polisie se Kinderbeskermingseenheid minstens een keer per jaar 'n betrokke skool sal besoek om leerlinge toe te spreek rondom aspekte soos seksuele molestering (vergelyk 4.6.1 en 6.14.1).

## 7.5 LEEMTES IN HIERDIE ONDERSOEK

Dit is jammer dat die persoonlike insette van seksueel-gemolesteerde dogters nie in hierdie ondersoek bekom kon word nie. Dit sou ongetwyfeld die waarde van die studie verhoog.

Die feit dat die vraelys net aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal uitgestuur is, is 'n verdere leemte in die ondersoek. Die ondersoek sou meer volledig wees indien Engelsmedium sekondêre skole ook betrek is.

## 7.6 SLOTOPMERKING

Met hierdie navorsing is daar gepoog om meer lig te werp op die wêreldwye probleem van seksuele molestering.

Die vertroue word uitgespreek dat meer navorsing in die toekoms hieroor gedoen sal word, ten einde 'n positiewe bydrae te kan lewer tot die dilemma waarin die seksueel-gemolesteerde dogter haar tans bevind.

**SEXUAL ABUSE**

It's been over for 30 years.
I've come a long way -
No more shakes, sweating or panic
When I talk about it.

I've learned to stop blaming myself.
I've stopped hating my mother
For not saving me.
Anger and bitterness towards my stepfather,
And the five others,
Have slowly ebbed away.

I've finally chosen a partner
Who is loving.
No longer sabotaging my happiness
With people and problems,
To pay for a debt that I never owed.
I don't feel defective any longer.

But, still, when I hear the stories
Of others like me, I cry.
There seems to be a terrible grief inside.
A howling cry that would finish me
If I let it out.
Grief for innocence and freedom
I never knew as a child.
Grief for the others, not as lucky as I,
Whose loss may consume them.

**Penny Parks (Rescuing the "Inner Child" 1990)**